CACHET
APTEEK
U PLUS APTEEK
Tomstraat 92

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXXI NOMMER 18 — VRYDAG 1 OKT. 1976

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:
Johan Claassen
Broers

# Karnaval vir 1977



Mnr. Cois Harman — nuwe Karnavalvoorsitter wat groot dinge vir volgende jaar beplan.

**DIE Wapad het die huidige studenteraadsvoorsitter, Theuns Eloff, en die nuwe karnavalvoorsitter, Cois Harman, genader om hul mening aangaande die doel van Karnaval te gee.**

Theuns het rustig agteroor gesit in een van die stoele in die Raadsaal en begin gesels. Karnaval het sy ontstaan te danke aan 'n Vreugdedag wat oorspronklik deur die tweedejaars aangebied is uit dankbaarheid teenoor hul seniors. Dit is nooit bedoel om van die Universiteit 'n liefdadigheidsorganisasie te maak nie. Baie joolkomitees is wel as liefdadigheidsorganisasies geregistreer en hulle gee die Nasionale Welsynsraad heelwat moeite.

Volgens Theuns is die Puk se taak uit Calvinistiese oogpunt nie om 'n welsynsorganisasie te wees nie. Die universiteit kan immers nie 'n staatstaak oorneem en in die proses sy eie belange verwaarloos nie — elkeen het tog sy eie belangekring.

Hy sien dus Karnaval vir die studente uit die studente. Daar word egter heelwat geld ingesamel en die borge weet dat die geld vir jolyt gaan en daarom mag die geld nie vir iets anders gebruik word nie. Op die kollektelyste staan daar, aan die ander kant, dat 'n sekere persentasie van die inkomste van dié lyste wel vir liefdadigheid gaan sowel as vir opvoedkundige aksies.

Theuns se konklusie is dus dat die primêre doel van Karnaval studentepret en -ontspanning is en die sekondêre doel — omdat 'n plig nie versaak wil word — dus liefdadigheid.

Ons tref Cois Harman in sy voortuin aan. Nadat ons lekker koeldrank gedrink het, trek hierdie begeesterde Karnavalvoorsitter los omtrent sy siening van die doel van Karnaval.

Vir hom is Karnaval honderd persent studentefees én honderd persent fondsinsameling — dié twee gaan hand aan hand. Hy wil hê die studente moet aktief ontspan bv. as hulle met blikkies in die straat af hardloop en pret maak en terselfdertyd geld insamel. Hy besef heeltemal dat die Universiteit nie 'n liefdadigheidsorganisasie is nie, maar voel dat met die beskikbare geld heelwat meer geld ingesamel kan word wat weer vir beter doeleindes aangewend kan word. Waar daar dus in die verlede minder klem gelê is op fondsinsameling en meer op pret en plesier, wil Cois poog om 'n meer gebalanseerde weergawe van Karnaval te bied.

Die pryse van Karnaval sal volgende jaar ook 'n heelwat ander kleur hê as in die verlede. Vroeër is daar duisende rande uitgegee op Karnavalpryse. Cois wil graag hierdie pryse stabiliseer na iets wat jaarliks uitgeloof sal word en wat groot prestige- en tradisionele waarde sal hê.

Die mans- óf dameskoshuise wat die meeste geld insamel, wen Karnaval. Vervolgens sal die mans- en dameskoshuis wat die beste oor die algemeen vaar elkeen afsonderlik 'n prys wen. Wat die kollektelyste betref, sal die eerstejaars weer eens verplig wees om lyste te neem en sal die seniors moreel verplig wees om ook een te neem.

Die pryse is egter so aanloklik dat dit die moeite werd sal wees vir 'n ieder en 'n elk om wel te kollekteer. Die persoon wat die meeste geld insamel, wen vir homself 'n jaar se gratis losies en studiegeld. Elke student wat meer as R2 000 insamel kry R500 vir studie en losies en elkeen wat meer as R1 000 insamel — R100.



# Besembos beskikbaar

**DIE nuwe Besembos sal teen ongeveer 22 Oktober beskikbaar wees by die SSR-kantoor en belowe om iets fabelagtigs te wees. In vergelyking met vorige Besembosse. Die hele formaat en inhoud het aansienlik verander en verbeter.**

Die Besembos bestaan nou uit 216 bladsye in vergelyking met die vorige 120. Daar is 70 volkleur-foto's in en elke bladsy het kleur in. Elke vereniging, koshuis en onderneming het voldoende dekking in die glanspapier-blad waarvan die blaaie 19 x 21 cm is.

Die oorspronklike kwotasie het R15 900 beloop by Craftpers in Pretoria. Weens 'n aantal probleme is die kwotasie verhoog na R17 000. Die oorspronklike prys van R2,50 het nou as gevolg van die verhoogde kwotasie verhoog na R3,00.

Die Besembos verskyn nou op 22 Oktober — dus voor die einde van die eksamen. Diegene wat voor hierdie datum klaarmaak met eksamen kan bestellings kom plaas by die SSR-kantoor.

# Lekker ou lente

**DIE winter is verby, die lente is hier en die Pukke het gaan fees vier.**

Die Kultuurraad het seker een van die suksesvolste Lentedag aanbiedinge gehou in jare. Letterlik honderde Pukke het opgedaag vir die bier en braai op die Fanie du Toitsportterrein.

Die verrigtinge is geopen met 'n inter-koshuis toutrekkompetisie. So deur die gekreun en gegly op die gras het Overs ongetwyfeld daarin geslaag om die kompetisie te wen.

Die trompoppies het die TV-mense besonder besig gehou met hul vertoning.

Die hoogtepunt van die aand was die Kewerkompetisie waar gekyk is hoeveel Pukke in 'n Kewer kan inpas. Die kleinste, maerste en kortste van die Pukke het aangetree en begin inklim en inklim. Die totaal van 41 Pukke het bewys dat 'n Kewer 'n besondere groot gesinsmotor is.

Hierdeur oortref die Puk die ander Suid-Afrikaanse universiteite en wen hulle 'n Volkswagen.

Later die aand tussen 'n paar uitgebrande vure het groepies bymekaar gekom en begin saamsing. Tussen die gesing het een vir een Pukke huiswaarts gekeer en so het 'n suksesvolle lentedag geëindig.





Die oulike asters op die foto is almal lede van die Asterkomitee wat in 1977 na die belange van die vroue op die kampus gaan omsien. Hulle het reeds, onder voorsitterskap van Ilse Kühn, 'n jaarprogram vir volgende jaar opgestel.

# ASTERKOMITEE BEPLAN GROOT

**DIE eerste Astervergadering is reeds iets van die verlede en die werksaamhede van Aster van 1977 gaan 'n heel nuwe kleur aanneem.**

'n Jaarprogram is opgestel waarin deurlopende maandelikse aksies en besprekings die Damesweek vervang. Die aksies gaan sover moontlik vir al die studente aangebied word; vroue sowel as manne. Ons hoop dat die program wat opgestel is in elkeen se smaak gaan val.

Daar word beoog om 'n Jeugweerbaarheidskamp aan te bied gedurende Junie 1977, asook die moontlikheid om so 'n soort aksie te verbind met Kuesta.

Skakeling met ander kampusse, sowel as Studentevaria sal ook plaasvind. Enige voorstelle of belangstellings wat die dames onder Aster se aandag wil bring, kan in Bussie 5 by die S.S.R. kantoor geplaas word.

Ons hoop dat die Jaar 1977 vir die asters op die kampus 'n hoogtepunt gaan wees!

# Hoekom studeer as dit lente is?

**DIS dieselfde tyd jaar na jaar. As die akkerbome liggroen in Tomstraat staan, die interkom oortyd werk tydens sleeptyd en die dames hulle in hulle af periodes op die dak lê en verbruin; dan weet almal: dis weer Lente.**



Linda du Preez, 'n B.A.-student in haar eerste jaar, is Klawerhof se nuwe primaria. Linda het reeds haar onderwysdiploma behaal, en was ook hoofdame van haar kollege voordat sy haar dié jaar vir 'n graadkursus ingeskryf en in Klawerhof beland het. Dit is duidelik dat dit haar nie lank geneem het om bekend en gewild onder die tradisievaste Klawerhof-inwoners te word nie.

Die plaaslike militêrebasis se geprogrameerde oefeninge vir die tyd van die jaar is (so lyk dit vir my) om die manne se vaardigheid in die helikopters te toets. Dit is blykbaar 'n heel moeilike kursus wat besondere vaardigheid van die jong loodsies vereis.

So word hulle bv. geleer om op lewensgevaarlike hoogtes (of liewer laagtes) oor die dakke van die dameskoshuise te vlieg. 'n Verdere kunsie wat dié „ridders van die lug" moet bemeester is om terselftertyd die helikopter in die lug te hou en hulle oë ook nog vas te nael op bikinidraende teikens. 'n Heel strawwe kursus vir ons agter die draad, of hoe?

Niks is helaas perfek nie. Al inspireer die Lente menige jong Puk- digter tot liriese sonnette, kan niemand regtig van die mondelinge en jaarpunte en . . . ja, sowaar bloktyd en eksamen vooruitsigte vergeet nie.

In die biblioteek werk die fotostatiese — afdrukmasjiene een strook deur . . . aan die fiukse buurman se klasaantekeninge. Ou eksamenvraestelle word fronsend en hoopvol bestudeer . . . met d'e oog op bloktyd en die „eleminering van irrelevante stoffasie tydens studies". (of te wel spôt).

Ons is studente in 1976 se Lente — en ons moet ons bekommer oor onbenullige aardse dinge soos . . . eksamens.

Die onregverdigheid van die lewe darem.

Estelle Vergeet-My-Nie.

## HEIDE

AI, almal moes ons in Heide maar verdraagsaam wees en op 'n Montium-manier klas toe stap, was dit die moeite werd — want die nuwe tuin is uitgelê, die groen grasspruitjies staan die wêreld vol en daar is 'n bloureënreuk in die lug.. en dis hoekom ons nou almal daardie Lente-gevoel het.

Vroegoggend sien mens die Heide-asters aan't draf om die Winter-spekkies af te skud, en bo-op die dak heers 'n vakansie-stemming soos almal die sonnetjie probeer benut, na Rocco se gesels luister en kyk wie eerste met 'n regte „tan" kan spog.

Baie geluk aan al ons asters wat met blink klippies spog, en in dieselfde asem, „strongs" vir diegene wat so bevoorreg is om I.W. eksamen af te lê. Die November-vakansie, of te wel, bloktyd is darem nie meer te ver nie.

## Botterblom

Die botterblom sit oop sambreel,
die kiewiet en sy wyfie speel.
Sonsondergang tussen duiker-oortjies deur
'n doringboom ets roetswart teen die horison

Die geur van boerewors wat braai kielie die neusvleuels terwyl stokbrood kriewel en uitrys onder die lekkende hitte van gloeiende kole. 'n Katstertbossie se wortels kook sissend om d'e spyskaart met aspersies af te wissel en die soel aandlug is met 'n koffie aroma gevul. Koffie wat trek van gemaalde droë voël-ent takkies!

Ag, elkeen sit nou al watertand en brand om dit, en nog véél meer te belewe en te leer. Moenie op jou laat wag nie!

Jukskei-Staatmakers — die Puk se e'e Voortrekkerkommando vergader elke Maandagaand kwart voor sewe in Klawerhof se Ou Sitkamer.

Nuwe Vories, ou Vories, maeres, vettes, grotes, kleintjies, kortes, langes, almal is meer as WELKOM!

(Mej.) L. Diedericks.



Marieta du Plessis is Oosterhof se primaria vir 1977. Sy het reeds in 1976 op die Huiskomitee gedien en is ondervoorsitter van die Koshuisraad vir 1977. Marieta is vroulik en vrolik en het groot planne vir 'n opwindende en vol jaar wat voorlê.

# Wanda se dinee

**'N STEEKS donkie was die enigste een wat onwillig was om Wanda se koshuisdinee, Saterdagaand 18 September by te woon.**

Nadat die vaal ou langoor met groot geduld van 'n plaas buite die dorp aangejaag is, het hy viervoet by die eetsaal se deur vasgesteek. Niks kon hom beweeg om deel van die boere-aand uit te maak nie. Ten einde raad het hy sy sin gekry — hy kon sy Saterdagaand in die bekende rustigheid van die plaas deurbring in plaas daarvan om eregas by 'n vrolike dinee te wees.

Maar boere-aand was dit genoeg, sonder die donkie. Ewe tradisievas het 'n ossewaentjie tussen die groen varings en boerpampoene van wawielgrootte sy staanplek gehad. Egte Vrystaatse krummelpap met tamatie-en-uie-sous, biefstuk en boerewors is in die tradisionele driepootpotte van ons voorgeslagte bedien. Ouma se souskluitjies en melktert het die ete afgerond. Vir die dorstige kele het „Fort Brouery" spesiale bier voorsien, wat spoedig ge-„down" moes word toe die vrugtepons aan die beurt kom.

Die eetsaal van elke dag het 'n romantiese atmosfeer verkry onder 'n „sterrehemel" en by kerslig. Tot laat is gesels, gesing en getiekiedraai.

Wanda se dinee was 'n geleentheid, waarna lank uitgesien is. Weke vooraf was dit reeds die hoofonderwerp van bespreking in die koektyd. Die dames het sorgvuldig voorbereidings getref, wat gewissel het vanaf die keuse van geskikte naellak tot touspring op die dak.

**Die jaar is byna verby en dit het weer tyd geword vir afskeidneem. Dinee's is aan die orde van die dag en menige aster is besig om kop te krap voor haar klerekas. 'n Skepping soos dié behoort 'n voltreffer te wees op enige afskeidsfunksie.**

# Uitslag van Kasteel se nuwe H K

**WIE het met 'n begrypende blik van simpatie geglimlag toe die ou- en nuutverkose HK-lede van Kasteel Dinsdag met 'n toe neus en dik stem die akademie tegemoet gegaan het nie? Ja nee, Maandagaand nadat die nuwe HK-lede aangekondig is het 'n ieder en 'n elk deurgeloop, hetsy ou, herverkose, of nuwe HK-lid.**

Na 'n baie vrugbare sweet op Maandag 16 Augustus het die HK-verkiesing op 23 Augustus met 'n stempersentasie van 95% die volgende opgelewer: Anita Badenhorst (Primaria); Lizzie Jonas (onder-Primaria); Huibnie van Zyl; Elsa Pretorius; I. Kruger; Betsie Steyn; Ansie Venter; Jacomien Scheepers.

Baie geluk aan hierdie agt dames wat alreeds die leisels oorgeneem het en 'n spesiale woord aan Alta Viljoen en haar huiskomitee van 1976 wat hul beste gegee het vir *Kasteel*.

En sommer in dieselfde asem word elke Kasteler 'n aangename koshuisdinee toegewens. Ek vertrou dat al die droomhelde ja gesê het.

Verder hoop ons dat 'n vrugbare, aktiewe bloktyd voorlê en dat daar lekker eksamen geskryf sal word. Kasteel se tier het beloof om sy tone te kruis en as daar so duim vasgehou word, wie gaan nie alles insit nie?

Sterkte ook met die stryd om die vakansie om te kry. As alles te veel word, onthou, vroeg in Februarie is Kasteel se deure oop vir jou.

## OOSTERHOF

DIT gaan deesdae beter as ooit tevore met ons Oosternooiens en die rede... blokkiesvleis het so te sê van ons spyskaart af verdwyn. Ons tannies verdien beslis 'n woord van dank vir die heerlike kos wat hulle vir ons voorsit.

Van die Lente is almal deeglik bewus. Oral word daar ywerig kamer skoon gemaak, somerrokkies word weer gedra en 'n paar van die brawe Oosternooiens het ook al gaan gesig wys by die swembad.

Aan Susan Maré wat ons eersdaags gaan verlaat om fisioterapie in Londen te gaan studeer, wil ons alle sterkte en voorspoed toewens. Susan, Ons is baie trots op jou, hou maar die Pukke se naam hoog daar in die vreemde land.





'n Aantal oud-voorsitters van Thalia in 'n gesellige luim op die Thalia-reünie afgeneem. Die reünie is op Vrydag 17 September gehou. Riaan van der Walt, 1977 se voorsitter, verskyn links agter op die foto. Vanjaar se voorsitter, Chris Swart, is agter, tweede van regs.

# Thalia hou rëunie na 25 jaar

**VRYDAGAAND 17 September het Thalia hulle vyf-en-twintigste bestaansjaar herdenk met 'n groot reünie.**

Hulle het almal vanjaar se opvoering Die Gelukkigste Dae van Jou Lewe in die Totiussaal bygewoon. Almal het besef dat hul dae saam met Thalia van die gelukkigste dae in hul lewe was, en ook hul gelukkigste dae op universiteit.

Na die opvoering het almal 'n kaas en wyn-dinee in Lettie Dup-eetsaal bygewoon. Onder die eregaste was daar prof. H. J. J. Bingle, prof. T. T. Cloete, prof. W. V. Coetzee, asook mnr. A. M. Robinson, die direkteur van ontwikkeling. Oudlede was saamgetrek vanaf al die uithoeke van Transvaal, soos byvoorbeeld ds. Alwyn du Plessis wat die eerste toer van Thalia in 1951 meegemaak het.

Daar was onder andere vyf pare wat saam gaan toer het en ook op die ou end getrou het.

Daar was elf van die oud-Thalia-voorsitters teenwoordig, onder andere ook ons huidige Studenteraadsvoorsitter Theuns Eloff, wat op sy dae ook 'n voorsitter van Thalia was.

Die feestelikhede is begin met 'n heildronk wat ingestel is op die universiteit deur prof. T. T. Cloete namens Thalia. Hy het genoem dat hy tien jaar lank aktief met Thalia besig was en dat hy dit met groot plesier gedoen het.

Prof. H. J. J. Bingle is die geleentheid gegun om 'n heildronk namens die universiteit op Thalia in te stel. Hy het gesê dat hy trots is op die bestaanstydperk van Thalia, omdat dit nie soos ander verenigings 'n ontstaansjaar, bestaansjaar en dan in die derde jaar tradisie is nie.

Thalia het homself oor die 25 jaar bewys as 'n vereniging wat 'n tradisie geword het op die Puk.

## AANDAG RADE

- Die voorsitters van alle Rade en Onderliggame wat 'n publikasie wil laat verskyn, moet een afskrif van die publikasie in bussie 4 (Administratiewe Raad) van die S.S.R.-kantoor gooi.
- Alle liggame wat aksies wil aanbied, moet datums vir goedkeuring by die S.S.R.-kantoor indien. Datums moet dan ingevul word op 'n lys wat by die S.S.R.-kantoor sal verskyn.

# Truk se Boeing-Boeing

**VOORDAT die groot swot een van die mooi dae begin, is daar nog genoeg tyd om vir oulaas uit te breek en 'n mooi opvoering by te woon.**

Boeing-Boeing wat tot 16 Oktober in die Breytendagskouburg, Pretoria, aangebied word, behoort groot byval te vind.

Boeing-Boeing geskryf deur Camoletti, vertaal deur Pieter-Paul Fourie en geregisseer deur Francois Swart, is 'n klug wat die verhaal van die flinke bondvryer, Bernard, vertel. Bernard is 'n vrygesel met 'n woonstel en 'n voorliefde vir asters wat uniform dra. En as die woonstel nou toevallig naby die lughawe is, kan 'n mens die vent nouliks verkwalik as hy hom wend tot 'n vlugrooster as vernaamste handboek.

Hy weet wanneer Fräulein uit Frankfurt kom, presies wanneer Mam'selle uit Parys verwag word en wanneer die BOAC neerstryk met 'n sjarmante klein Janet aan boord. En omdat hy 'n fyn studie van die handboek gemaak het, is sy onthalery van die aantreklike goedjies so netjies soos 'n komper-dinges uitgewerk en kan hy spog met 3 gelyktydige verlowings... Totdat dinge weens heel onvoorsiene omstandighede begin skeefloop.

Die rol van Bernard word vertolk deur Frans Marx en Dawid van der Merwe stel sy Vrystaatse vriend voor wat kom help om die kastaiings uit die kole te krap. Die rolle van die drie asters word vertolk deur Elize Hibbert, Louise Mollet-Prinsloo en Harriet Pienaar, met Trudie Taljaard as sy wysneusige huisbediende.

# P.U.-Kamertoneel

28 Feb. — 5 Maart, Die Dubbele Adelaar — Jean Cocteau, regisseur: Teunis Botha.

18 — 26 Maart, Die Bediendes — Jean Genet, regisseuse: Bet Botha.

27 April, Totiusprogram o.l.v. Paul Schutte.

27 Mei — 4 Junie, Debuut '77 regisseur: Aldo Behrens.

17 — 25 Junie, Bitter lied van die somer, — Dick Finlay, regisseur: Peet van Rensburg.

29 Julie — 6 Augustus, Agt vroue — Robert Thomas, regisseuse: Liesbet Schoeman.

9 — 17 Sept., Die vergissing — Albert Camus, regisseur: Aldo Behrens.

29, 30 Sept. — 1 Okt., Choreo 77: Raka — N.P. van Wyk Louw chereograaf Brenda Potgieter.

**SJÖRDE**

7 — 11 Maart, Het jy al gehoor . . . o.l.v. Paul Schutte.

28 — 1 April, Choreo-Petit, Choreograaf: Brenda Potgieter.

12 — 15 April, Spektrum en spektabel, o.l.v. Henk Wijbenga.

6 — 10 Junie, The stronger — August Strindberg, Regisseuse: Liesbet Schoeman.

1 — 5 Augustus, . . . die dice het verkeerd geval vi' ons daai's maar al . . . " 'n Adam Small-program o.l.v. Teunis Botha.

29 Aug. — 2 September, 'n Marionettespel o.l.v. Laurika Behrens.

19 — 23 Sept., 'n Drama sonder woorde, Samuel Beckett, regisseuse: Bet Botha.

3 — 7 Oktober, Anton Paflowitsj vertel — Chekov-stories, regisseur: Peet van Rensburg.

# KLOKTORING

**'N IRRITERENDE kwessie hedendaags op die kampus is die dra van denimbroeke deur 'n groot persentasie van die studente.**

Ons mag nie denimbroeke klas toe dra nie. Die rede? Soos ek verstaan is dit omdat daar 'n stigma aan denims kleef wat saam met die eendstert verskyn het, maar nie saam met hom verdwyn het nie.

Met die nodige respek wil ek hierdie stelling korrigeer: Dit geld wel vir klinknaelbroeke maar definitief nie vir denims nie. Daar is 'n onderskeid tussen die twee.

Goed en wel, nogtans dra party mense denims wat slordig is en 'n onnet voorkoms gee. Maar moet dit nou veralgemeen en verbied word?

Sommige mans op die kampus dra broeke vervaardig van 'n aanvaarbare materiaal maar die broekspype is van 5 tot 8 cm te kort. Lyk dit nie ook pateties onnet nie? Hoekom word dit nie verbied nie?

Sommige dames (van die meer mollige soort) kan dit nie bekostig om knielengte rokke (soms selfs korter!) te dra nie, maar hulle dra dit. Is dit nie onnet en/of onsmaaklik nie? Hoekom word dit nie verbied nie?

Dis beledigend persoonlik om 'n mollige dame aan te spreek oor haar gewig—kleredrag-verhouding. Dis ook net so persoonlik om 'n man aan te spreek oor sy broekspypiengte-kous-skoen-verhouding.

Ek dink egter dis net so persoonlik om 'n man/dame aan te spreek oor die tipe stof waarvan sy/haar broek vervaardig is: teenstrydig met die reëls of te nie.

Die slotsom is dat dubbele standaarde toegepas word, uit en gedaan.

Pas konsekwentheid toe op *netheid* alleen en nie net op denims nie. Netheid sluit vuil, verslete denims sowel as bogenoemde gevalle en ander ongenoemdes in.

Ons kan netjies lyk in denims en die meeste van ons is netjies daarin; veral die dames.

Jaag die persone wat onnet is terug — deur die bank — maar om slegs die dra van denims op die basis van 'n stigma te verbied, is kleinlik.

Om 'n denim te dra, maak 'n mens ook nie Christelik of onchristelik nie. Die Puk se beginsels sal nie prysgegee hoef te word as sy studente toegelaat word om denims klas toe of op die kampus te dra nie.

Terloops — ek glo nie dat die probleem soos dit op die huidige stadium is, erger sal word nie. Almal wat denims wil dra, dra dit. Die res wat nie wil dra nie, dra dit nie.

Ek dink die owerheid sal beter resultate bereik as hulle hul aandag toespits op die lewendigheid al dan nie van studente gedurende lesings, d.w.s. om van hulle denkende, kritiese studente in die ware sin van die woord te probeer maak, in plaas van op hul kleredrag te let.

Ek dink 'n Puk-student is vir die dosente seker die veiligste wese op aarde, omrede ons nie in klasse reageer nie. Die rede daaragter is dat die student voel hy word regeer en dat hy nie sy mond durf oopmaak nie.

Die teendeel is natuurlik waar; sal die owerheid sê. Maar neem die owerheid die student kwalik dat hy so voel? Hy mag dan nie self besluit watter klere hy wil aantrek nie.

Dit word aan hom voorgeskryf.


## Volkskas praat die taal van kundiges

Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.

Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.

Daarom praat Volkskas saam . . . in 'n tradisie van diens en kundigheid.

Kom praat met die bank wat verstaan.

**Volkskas**

ARBEIDSAAMHEID

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

# WERK HARD

**ELKE mens word in die lewe as 'n geroepene beskou. Geroepe vir 'n spesifieke doel. Elke mens het sodoende 'n plig om te vervul, nie net teenoor homself nie, maar ook teenoor die samelewing.**

**Hy moet reg laat geskied aan sy roeping, sonder om ander persone te benadeel. Hy moet dit doen op so 'n manier dat hy wel 'n geskende persoon sal wees.**

**Dit geskied sodoende ook in die studentegemeenskap. Elke persoon is met 'n bepaalde doel hier. Hy is hier om uiting te gee aan sy menswees in dié sin dat hy hom bekwaam vir sy toekoms. Hy is hier omdat hy 'n innerlike pligsbesef het. Hoe vervul ons ons roeping hier?**

**Wel, baie van ons is suksesvol omdat die innerlike verantwoording ons aanspreek. Ons word dus gemotiveer deur verantwoordelikheidsbesef en deur selfdissipline. Die student wat vandag op universiteit sonder bogenoemde sy roeping wil vervul kan dit vergeet. Hy word verswelg deur te veel dinge, bv. jolyt en menige ander bedrywighede.**

**Sy gewete spreek hom wel aan die begin aan, maar hoe verder hy in die verderf raak, hoe minder raak dit sy gewete. 'n Ander rede is die feit dat die student te veel geld het. Hy weet dat hy vir twee of drie jaar langer aan 'n graad kan studeer wat impliseer van die algehele siening van die student.**

**Hoekom probeer ons ons nie self dissiplineer om die meer konkrete aan te pak en die abstrakte te ignoreer vir soverre dit ons ondergang gaan bewerkstellig nie? Nou moet die vraag beantwoord word. Baie van ons skram weg van die werklikheid terwyl die onwerklikheid ons soms ook bang maak. Watter weg wil die student dus volg? Ek sal u sê, die weg van algehele passiwiteit. Dis die weg. Pret en plesier spreek boekdele in die student se lewe.**

**Baie studente probeer hulle roeping te systap deurdat hy op universiteit op liggame dien waarvan hy niks weet nie, bloot om populariteit te verwerf. Dit is 'n ander manier om sy onvolwassenheid te probeer verberg. Ons staan op die vooraand van nuwe belewenisse in die sin dat ons toekoms nog voor ons lê. Waarom nie nou al probeer om 'n sukses te maak daarvan nie?**

**Dit het dus pertinent betrekking op die eksamen wat voor die deur lê. Die volwasse student of te wel die gedissiplineerde student is die persoon wat met behae kan uitsien op wat voorlê. Hy het sy plig konsekwent vervul en dus sorg hy dat hy op hoogte is met sy werk.**

**Die persoon wat wel van bekommernis kan spreek, is die persone wat nie hier hoort nie. Wat 'n samelewingspassasier is. Hy kan van slaaploosheid getuig. Hy het nou voor die kruispad te staan gekom en nou moet hy homself bewys.**

**Nou is daar aanmoediging ook, self vir diegene wat sy verantwoordelikheid probeer omseil het. Werk net hard en pak die bul by die horings. Mens gooi mos nie handdoek in, alvorens die stryd heeltemal verlore is nie. Die stryd tree nou tot 'n einde, maar is nog nie verlore nie. Werk dus net hard.**

**GROETE**

**Baie lekker vakansie aan almal, en ons hoop om al die ou gesigte weer te sien na die vakansie. Vir diegene vir wie die stryd voltooi is, wens ons sterkte toe met hulle nuwe uitdagings.**

# SSR SÊ JA VIR POPPIES

**NADAT die „trompoppies" 'n termyn lank by verskillende geleenthede opgetree het, het die Sentrale Studenteraad geleentheid gehad om weer eens oor die prinsipiële en praktiese sy daarvan te besin.**



THEUNS ELOFF

In 'n bespreking van hoogstaande gehalte, het die Studenteraad met 'n meerderheid van stemme vir die voortbestaan van dié groep besluit. Voortaan sal die groep as 'n onderliggaam van die Kultuurraad funksioneer. Verder is besluit dat om aan die eie karakter van die Puk se „trompoppies" uiting te gee, 'n nuwe „unieke" naam vir hulle gevind moet word.

Nieteenstaande besware dat die saak neerkom op moontlike verheerliking en uitbuiting van die vrou se liggaam, het die Studenteraad besluit dat daar geen prinsipiële besware kan bestaan indien dit met die regte uitgangspunt aangepak word nie.

'n Groep dames, verkose op grond van die harmonie wat hulle saam in die groep teen die agtergrond van „militêre" bewegings vorm, kan op die maat van musiek beweeg sonder dat dit seksueel uitlokkend is of op mensverheerliking neerkom.

Die positiewe waarde daarvan vir 'n Christelike Universiteit, wat in die wêreld, maar nie van die wêreld is nie, is ook sterk beklemtoon. Dié groep kan op grond van hulle optrede slegs positiewe kritiek uitlok. (Ons dink maar aan Intervarsity: die Puk-„dames".)

Dié standpunt veronderstel natuurlik dat, (soos ten opsigte van alle sake oor 'n Christen) die optrede van die groep dames altyd aan Skrifgefundeerde norme getoets behoort te word sodat 'n sterk prinsipiële standpunt daaroor altyd moontlik is. Die „hiper-seksualiteit" soos dit genoem word, van die wêreld behoort ons nie te beinvloed teen 'n saak wat groot meriete kan hê nie.

Ten slotte dus is ten gunste van die voortbestaan van die trompoppies besluit nie omdat dit „lekker" is om so 'n groep te hê nie, maar omdat geen grond vir prinsipiële teenkanting gevind kon word nie, en die P.U. vir C.H.O. se naam positief deur hulle uitgedra kan word.

Die beoogde naamverandering het voortgespruit uit die feit dat byna almal dit eens is dat die Puk se trompoppies anders (beter) is en dus 'n eie naam verdien. Die naam wat aanbeveel word is ? ? ? ? ?

# KARNAVAL VROEG IN JAAR

**VOLGENS 'n Senaatsbesluit, sal Karnaval '77 op 10, 11 en 12 Maart gehou word. Aanvanklik is daar besluit dat Karnaval die week net na oriëntering aangebied sal word, aangesien daar gevoel is dat daar te veel van die akademiese tyd verlore gaan as dit later gehou word.**

Gewoonlik hou die studente die hele week fees en massaklasse en indien Karnavalweek net na oriëntering aangebied sou word, sou dit beteken dat slegs drie dae in werklikheid gebruik sou kon word vir studentejolyt.

Die Sentrale Studenteraad het egter gevoel dat dit 'n onbegonne taak sou wees vir die Karnavalkomitee onder leiding van Cois Harman om die massa geaktiveer te kry in 'n bestek van een week en om al hul reëlings te finaliseer. Gevolglik is vertoë van Studenteraadskant na die Senaat gerig om Karnaval dan op 18 en 19 Maart te hou, omdat hul bereid was om hul vroeër vasgestelde datum van 16 en 17 April te wysig.

Die Senaat het egter 'n kompromie aangegaan en besluit om die program op 10, 11 en 12 Maart aan te bied.

# Uit die Woord

*En die hoop beskaam nie — Rom. 5 : 3—5.*

**ONS roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees aan ons gegee is . . .**

Ons kan verdruk word om die geloof ontwil, maar ons verdrukking kan ook die gewone beproewinge van die lewe wees, soos eensaamheid, droefheid, siekte en allerhande ellende wat ons druk.

Die genade van God laat alles vir die gelowiges nie werk ten goede. Hy laat ons lydsaamheid leer in ons verdrukking. Dit is baie moeiliker om soos 'n Christen te lewe onder verdrukking as wanneer alles goed gaan.

Satan hoop dat hy ons juis deur al die druk van God af sal kan weglei op sondige paaie, maar met die genade en die hulp van die Here hou ons ook onder die beproewinge nog koers, aan Christus getrou en dit is lydsaamheid.

Ons verdra die verdrukking. Ons wandel nog in die geloof en die liefde. Ons neem ons kruis op. Ons volg Christus en doen ons plig, al is dit in swakheid en vol gebreke.

So het ons dan lydsaamheid geleer om net soos Job onder die verdrukking in ons vroomheid te volhard. Deur die verdrukking het die Here ons Christenskap op die proef gestel en getoets. Dit het die vrug van lydsaamheid gedra en daardeur bewys dat ons geloof eg is. Ons is waarlik gelowiges en waarlik in die genade van God.

Ons is nou beproefde gelowiges, daarom mag ons met vrymoedigheid die beloftes, wat God in sy Woord gee, vir ons toeëien daarop hoop. So is ons versterk in ons hoop op al die rykdom van die genade.

Ja, die hoop sal nie beskaam nie. Ons sal dit verseker beerwe. Daar het ons nog 'n troosvolle versekering van en dit is dat die liefde van God in ons hart uitgestort is deur die Gees. God se liefde vir ons is eindeloos. En dit het deur sy Gees wederliefde in ons bewerk. Ons het die Here lief. Ons het sy Woord en sy koninkryk en sy kinders lief.

Hierdie liefde is die beste bewys van God se genadewerk in ons. Dit is 'n troosvolle versekering dat ons kinders van God is en dus erfgename van al sy genaderykdom.

Ons hoop sal nie beskaam nie en die hoop anker van ons siel.

**Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.**



„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".

ANDRÉ JOUBERT

**Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.**

1. **Studielenings:** Tot R3 000 +: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **M.B.A.-studielenings:** Tot R3 500 vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R500 tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes R1 500:** bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TEL. 6171

—WP.

# SIEN JOU DAAR

DIE 25ste tot 27ste Februarie 1977 is dit 'n naweek van groot dinge. Die naweek word daar 'n tweedejarskamp net buite Potch (op die Venterskroon-kampterrein) gehou. Die tema van die kamp is: „Puk-Student, Waarheen?" Onder die hoofonderwerp gaan ons sake soos weerbaarheid, studentepolitiek en ons C.H.O.-beginsels uitpluis en bespreek.

Die koste gaan plus-minus R3,00 wees. Vrydagaand gaan ons speletjies speel en mekaar leer ken. Saterdagoggend gaan ons vroeg stap, bespreking hou en die middag 'n waatlemoenfees naby die rivier! Saterdagaand hou ons braaivleis en ons hoop om vir Suzette Eloff by ons te hê. Sondagoggend hou ons erediens en 'n bespreking. Laat die middag sal ons vertrek — en doodmoeg op die PUK aankom.

Almal is welkom, skietlyste sal by die S.R.-kantoor op wees.

Hou dié naweek oop
en
SIEN JOU DAAR

# M.N.R. GEE BEURSE

VANAF 1977 stel die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (MNR) jaarliks 'n beurs van R1 000 aan voorgraadse studente beskikbaar vir studie in die geneeskundige wetenskappe.

Die studierigtings waarin beurse beskikbaar gestel word, word jaarliks bepaal. Vir 1977 is die volgende studierigtings bepaal, nl. Biofisika, Biostatistiek, Biochemie en Fisiologie.

Beurse sal slegs aan studente wat reeds die eerste jaar van studie met sukses voltooi het, toegeken word. Studente in hul eerste jaar kan dus ook aansoek doen om die beurs vir die daaropvolgende jaar.

Afhangende van bevredigende vordering kan die beurs jaarliks hernu word vir die duur van die betrokke kursus.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober en aansoekbrosjures is van die MNR, Posbus 70, Tygerberg, 7505, verkrygbaar (Telefoon 93-2151, uitbreiding 36).



PIETER ODENDAAL
• Lid vir verkiesings en grondwette

# WERK VIR MANNE

HIER is 'n gulde geleentheid vir mansstudente wat werk soek om hulle aansoeke voor 30 September 1976 te pos aan die volgende adres:

Die Werkepersoneelbestuurder,
Yskorwerke,
Posbus 2,
VANDERBIJLPARK.
1900.

Die volgende is van baie groot belang vir die persone wat wel belang stel.

Die vakansiewerk behels produksiewerk op 'n roterende skofbasis, insluitende naweke en openbare vakansiedae.

Die volgende salarisskale is van toepassing:

a) Aanvangssalaris R3 168 per jaar.
b) Na 6 maande diens, die maksimum van R3 396 per jaar.

In al hierdie gevalle word 'n skoftoelaag van R480 per jaar betaal.

Die studente moet 'n minimum tydperk van 8 weke werk.

Voorkeur word verleen aan studente wie se ouers by Yskor werksaam is.

# Tweedehandse boekkomitee

ALLE navrae en inligting in verband met tweedehandse boeke kan by die sekretaresse in die S.S.R.-kantoor verkry word.

# *Kan jy jou voorstel geen reëls of riglyne*

**STEL jou voor: 'n Studenteraad wat elke jaar met die Raad van die Universiteit moet ooreenkom of hulle 'n studentekoerant mag publiseer; 'n karnaval mag hou of tugsake hanteer. Stel jou voor: 'n Koshuisraad en 'n Kultuurraad wat mekaar kort-kort in die hare vlieg oor wie verantwoordelik is vir ontspanning op die kampus.**

Mens kan jouself indink watter chaos dit sou afgee as ons geen duidelike riglyne het nie; wie met watter gesag beklee is en wie daar werksaam is nie. Hierdie riglyne word in konstitusies vervat. Op die Sentrale Studenteraad is daar vir een persoon spesiaal 'n portefeulje uitgesonder om grondwette en reglemente te hanteer. Hierdie persoon behartig naas grondwette ook nog verkiesings.

'n Groot probleem in ons studentelewe is die gebrek aan kontinuïteit. Daar word jaarliks 'n finansiële beleid gemaak, jaarliks reëlings getref by die werkverdeling van sekretaresses, jaarliks briewe uitgestuur om te sê hoe begroot moet word en *jaarliks is die jaar óm voordat daar met genoeg sinvolle dade na vore gekom is.*

'n Deel van die probleem sou ondervang kon word as alle nuutverkose persone, naas die opleiding wat hulle by hul voorgangers ontvang, ook op swart en wit (sommer direk na die verkiesing) die hele grondslag van die studentelewe gou kon opswot. Dit kan ons bereik deur 'n oordragpakket, wat drie jaar tevore reeds beplan is, werklikheid te maak.

In so 'n oordragpakket sal elke vereniging se bestuur vinnig kan opkyk hoe en hoe lank na die SSR-verkiesing en vólgens watter beleid begrotings opgestel moet word.

Inligting oor finansies sal vervat word in 'n reglement vir penningmeesters. Toerliggame sou in die reglement vir toere kon sien watter eise gestel word voordat 'n toer sou plaasvind. Let wel waar daar jaarliks om en by R100 spandeer word om almal van vaste reëlings in kennis te stel word die nodige reëlings soos vervat in grondwette en reglemente vir een maal geliasseer en ter insae beskikbaar gestel.

Menige vereniging het probleme met hulle huidige grondwette en reglemente, daar is selfs verenigings wat sonder grondwette funksioneer. Dit is elke vereniging of raad se plig om die grondwetlike probleme wat ondervind word reg te stel.

Moet alle sake van die koshuisraad deur die SSR-owerhede toe gaan? Indien so, wat van die advieskomitee van huisvaders? Die lid vir grondwette sal probeer om advies te gee of in te win oor alle grondwetlike kwessies.

Naas fondamente wat reg moet wees kan die studentelewe nie funksioneer sonder die regte persone in die regte posisies nie. Goeie verkiesings wat goed organiseer word, behoort goeie resultate te toon. In baie koshuise is bv. onsekerheid oor wat die beste kiesstelsel sou wees — die nommerstelsel of kruisiestelsel. 'n Probleem wat ook voorkom is of die huiskomitee of die koshuis die primarius/a moet kies. Die lid vir verkiesings beoog om hierdie probleme onder oë te neem sodat elke onderliggaam konkrete leiding in die verband kan kry.


**IETS WAT U TOT DUSVER MISKIEN UIT DIE OOG VERLOOR HET, KAN DALK U HELE TOEKOMS BEPAAL.**

'n Bank.
Tye het verander. Banke ook.
Nedbank speel vandag 'n ewe belangrike rol op die kampus as in die Suid-Afrikaanse finanswêreld.
Per slot van rekening bevind duisende van ons toekomstige kliënte hulle tans op universiteit. Dis dus net logies om hulle sommer dadelik te begin help pleks van te wag vir beter dae. U het hulp nóú nog meer nodig as later.

**Studiehulp**

As student moet u geld hê vir allerlei dinge. Boeke. Losies. Klasgeld. Klere.
Nou ja, na u eerste studiejaar kan u aansoek doen vir 'n Nedbank-studieleningsrekening. Ons kan u 'n ruim bedrag tot 'n vasgestelde perk leen. Dié perk is nóg hoër as u besig is met u MBA-graad.
En u betaal net die spesiale lae studente-rentekoerse: 5,5% op die geld wat u werklik trek.
U kan ook die gerief hê van 'n Nedbank-tjekboek, 'n Nedbank-spaarrekening en — as u kampus 'n Kitskontantmasjien het — ons Kitskontantkaart.
Daarby bied ons u verskeie ander dienste. Vakansietye sal ons u help met reisbesprekings. Ons kan u voorsien van reistjeks. Buitelandse valuta vir u reël. Ons kan selfs leesstof verskaf, soos publikasies oor die ekonomie.
Ook Passport to Pleasure, ons gratis maandelikse gids oor reis en vermaak.
En Nedbank Sportsman

**Wegspring-kapitaal vir u eie onderneming**

As u 'n professionele graad behaal, sal u dit dalk eendag oorweeg om u eie besigheid te begin. Weereens sal u vind dat Nedbank u nog verder kan help. Moontlik met 'n lening — op werklik billike voorwaardes.
Vir dokters en tandartse bied ons spesiale huurfasiliteite.

**Ons laat u geld méér geld verdien**

Ons toptalent op elke finansiële gebied is tot u beskikking. Finansbeplanners. Beleggingsbestuurders. Versekeringskonsultante. Trouens, u kan aanklop vir raad en advies by ons voorste finanskenners.
Ons kan u help beplan om u inkomste, u spaargeld en u kapitaal te laat groei. En die hoogste moontlike rentekoerse is beskikbaar vir enige beleggingstyd.

**Eenmaal 'n Nedbanker, altyd 'n Nedbanker**

Terwyl u nog student is, kom loer gerus bietjie in by u naaste Nedbank-tak en vertel die bestuurder wat u posisie is.
Want onthou: hoe verder u die res van u lewe vorder, hoe harder werk Nedbank vir u.

**DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS**
Nedbank Beperk Geregistreerde Handelsbank
'n Lid van die Nedsual-groep.

NEDBANK



**CARLTON JUWELIERS**

VIR AL U:
* Horlosies
* Verloofringe
* Juweliersware
* Geskenke

OOK:
* Herstelwerk aan horlosies
* Montering van diamante
* Diens.

Waar moontlik, word alle werk op die perseel gedoen terwyl u wag.

KERKSTRAAT 161 TEL. 5521
POTCHEFSTROOM
—Wa.

# Kongres van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging



**Prof. Tjaart van der Walt, voorsitter van die ACB, wat 'n leidende rol in die kongres speel.**

SOWETO! Opstande! Net hulle skuld? Net ons skuld?

Soveel vrae, soveel antwoorde, is al gevra en gegee sedert die afgelope gebeure. En nóg hou opstootjies steeds aan, weerklink die naklank daarvan vandag nog.

Raak al hierdie dinge jou soos dit moet? Is jy opreg bekommerd daaroor? Dan moet jy net 'n bietjie met die voorsitter van die A.C.B., prof. Tjaart van der Walt, gesels.

Professor Tjaart is baie opgewonde oor die komende kongres van die A.C.B. Dit sal trouens ook die 15e kongres wees wat aangebied sal word en nog nooit was die belangstelling so wyd, die reaksie op uitnodigings, so groot nie.

Die rede: Die aktualiteit van die *tema* wat oopgepraat gaan word;

*„Geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing".*

Die mense wat aan die spits van die A.C.B. staan is baie bly oor die reaksie — hulle erken ruiterlik dat ten spyte daarvan dat groot geeste al vir die A.C.B. gewerk het, die ledetal maar 'n skrale duisend is. „Woord en Daad", die tydskrif wat deur die A.C.B. uitgegee word het ook maar tweeduisend intekenare en tog word in die koerante baie daaruit aangehaal. Buitelandse besoekers is ook altyd gretig om die redaksie van „Woord en Daad" te ontmoet.

Juis daarom is die ongekende belangstelling vir hierdie kongres vir hulle so 'n riem onder die hart. *Pukke*, kom ons ruk op in ons hordes en deel in hierdie fees! Want 'n fees van 'n kongres gaan dit wees!

Jy sê jy „swot" nou? Wat daarvan as jy na 'n week van bloktyd so bietjie „breek" en die Kongres bywoon?

Die *datum:* 15 Oktober 1976.
Die *tyd:* 14h30—21h00.
Die *plek:* Grootlesingsaal, Geografiegebou, hier by ons op die Puk.

Nou kan mens wonder: As daar reeds so baie mense kom — hoe gaan ons almal in die Geografiegebou inpas. Maar prof. Tjaart het met 'n glinstering in sy oog raad:

„Die sinodesaal sal dan gebruik word!"

Dit klink aanloklik! Net so aanloklik klink die verskillende onderwerpe waarin die tema verdeel is.

Na 'n kort inleiding deur prof. J. A. Heyns (U.P.) sal die *etiese* beskouing van die tema deur prof. D. C. S. van der Merwe toegelig word. Prof. Van der Merwe het 'n spesiale studie in verband hiermee gemaak, en om in sy bevindinge te deel beloof om die moeite werd te wees (15h30).

Al die inleidings sal kort wees, sodat die aksent op die besprekings kan val. Jy kry dus nie net 'n lesing nie, maar sal self ook kan deel hê daarin.

Prof. Erika Theron van Stellenbosch se taak is om die *sosiale* beskouing nader duidelik te maak, en sy sal self in lewende lywe hier wees (16h00).

Die *ekonomiese* beskouing lê op die terrein van prof. S. P. du T. Viljoen van Pretoria (17h00).

Om 17h30 kom die *juridiese* beskouing aan die beurt en dan is prof. J. D. van der Vyver aan die woord. Ná aandete is daar 'n algemene bespreking vanaf 19h30 tot 21h00.

Die belangstelling is selfs so geweldig dat 'n groot aantal nie-blankes ook geïnteresseerd is om dit by te woon. Dit sal gevolglik die eerste keer wees dat van hulle ook die kongres gaan bywoon. Prof. Van der Walt sê dat dit verblydend is dat die gesprek op die basis van die Calvinisme kan wees, want die Calvinis het 'n groot taak in hierdie opsig. Die saak sal prinsipieel benader word sodat nie in 'n lugleegte gepraat word nie, maar ons konkreet kan besin wat ons taak *hier* en *nou* in die wêreld is.

'n Probleem wat opgeduik het is slaapplek vir die Kongresgangers. Rapport toer dieselfde tyd deur die dorp en het reeds 150 plekke in die hotelle bespreek. Persone wat dalk kongresgangers, blank of nie-blank, kan huisves, moet prof. Van der Walt kontak.

*Nog is het einde niet!*

Saterdagoggend 16 Oktober: *Simposium! Taak van die kerk ten opsigte van geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing!*

Die bedoeling hiervan is 'n onoffisiële voorbereiding vir die Streekskonferensie van die lidkerke van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode wat D.V. in April 1977 in Potchefstroom sal plaasvind.

Voortspruitend uit die tema van die vorige dag is besluit om die tema ook direk op die taak van die kerk van toepassing te maak. By die pas afgelope Gereformeerde Ekumeniese Sinode het dit geblyk hoe belangrik dit is dat die Christene uit die verskillende kerke ernstig moet aandag gee aan hierdie saak.

Prof. Tjaart van der Walt sal 'n kort inleiding gee waarna hoofminister Lukas Mangope, as iemand van die tuislande, die woord sal voer.

Ds. Sam Buti sal as teoloog van die stedelike Bantoe, die laaste inleier wees.

Vir my die mooiste: Prof. Van der Walt sluit af:

„Ons moet Soweto nie net sien as politikus met die oog op die Afrikaner-belang nie, ons moet dit ook as Christene sien. Ek hoop dat die kongres lig en duidelikheid hierin sal bring!"

Ons hoop almal so! Laat ons almal, dosent en student, dit bywoon. Ons het nóú die kans! Moenie as dit reeds te laat is sê ek moes nog dit en dat gedoen het nie. Die geleenthede is daar. Benut dit *nou!*



**Prof. D. C. S. van der Merwe wat die etiese beskouing van die tema behandel.**




# Puk se deelname aan ASB

**GEAGTE REDAKTEUR, Daar bestaan tans 'n klimaat vir ernstige besinning oor die PUK se voortgesette deelname aan die ASB.**

Die uiters onbevredigende situasie bestaan tans, dat elke PUK-student outomaties geaffilieerde lidmaatskap van diè semipolitiese instelling ontvang. Die rede vir die ongewenstheid is daarin geleë dat die PUK-student by wyse van die SR in die ASB verteenwoordig word, en verder is dit so dat die verkiesing van SR-lede nie primêr op 'n politieke basis plaasvind nie.

Hiermee word die organisatoriese vermoëns van die SR geensins in twyfel getrek nie, aangesien dit die basis van hul verkiesing vorm. Afgesien van optrede in die SAB, is optrede van die SR-lede ten opsigte van skakeling met ander universiteite, asook buitestaanders, hoewel nie altyd amptelik so bekend nie, soms sterk polities gekleurd. Insoverre hierdie optrede veronderstel is om 'n deursnee PUK-mening te wees en insoverre die SR politieke sienings absorbeer en vertolk, bly 'n ope vraag.

Dit blyk ook verder dat dit algemeen deur die gemeenskap aanvaar word dat die SR beveog is om ten opsigte van die aangeleenthede verteenwoordigend op te tree en dat hul optrede inderdaad beskou word as die politiese standpunt van die meerderheid Pukke.

Dat studente polities aktief moet wees is noodsaaklik. Die politieke probleme van vandag is ook die verwoordelikheid van die student, immers raak dit sy toekoms ten nouste. Indien dit dan nodig sou wees dat studente polities verteenwoordig moet word, moet die verteenwoordiging op 'n behoorlik vir die doel toepaslike wyse, plaasvind.

Hiermee word nie bedoel dat die uitslag van 'n politiek gefundeerde verkiesing noodwendig een van die huidige uitgediende politiekgerigte, liggame, as synde verteenwoordigend aan te wys nie (bv. NUSAS, ASB), maar dat 'n kentering na 'n meer objektiewe benadering absoluut noodsaaklik is, kan nouliks ontken word.

Dit spreek vanself dat sekere voorbehoude soos taal, ras, kultuur, wat in die huidige liggame 'n oormatige klem, geen plek het in so benadering nie.

Ten slotte lyk dit ook nie te vergesog om te beweer dat NUSAS in wese slegs anti regering gesind is, die ASB hoofsaaklik pro-regering, terwyl 'n organisasie soos SASO waarskynlik swart rewolusie ten doel het. Is hierdie toestand nie baie ongesond nie? en word 'n realistiese begrip van ooreenkomste en verskille nie erg hierdeur belemmer nie?

**Konklusie:**

1. As dit nodig is dat die SR polities aktief moet wees, moet verkiesings ook op die basis geskied.
2. Die huidige oorkoepelende studenteliggame in Suid-Afrika is nie instaat om op verwoordelik realistiese wyse studente politiek na behore te omvat nie.
3. Ernstige besinning moet lei tot die realisering van 'n nuwe benadering, waarvolgens die student in staat moet wees om ongestoord van party-politiek en vooroordeel diepsinnig oor die toekoms te kan nadink.

Groete,
„Akker en Rakker".

# NOG 'N STUDENTEKOERANT

GEAGTE Redakteur: — Gerugte wil dat 'n nuwe „onafhanklike" studentekoerant binnekort die lig sal sien. Veel inligting hieroor is uit die aard van die saak nie beskikbaar nie, maar ontevredenheid met die huidige opset op die PUK en die „Wapad" is blykbaar (o.a.) oorsake hiervan.

POSITIEWE „opposisie" kán seker welkom wees maar daar is 'n paar sake wat krap:

In hierdie moeilike finansiële tye is twee studentekoerante miskien 'n bietjie buitensporig; ás die oprigters van die koerant positief is, is dit jammer dat hulle nie hul kragte by die „Wapad" ingooi nie, gesien teen die agtergrond van die feit dat die redakteur van „Die Wapad" die afgelope tyd sukkel om 'n heel redaksie bymekaar te hou. 'n Mens sou graag dié mense se ywerige werkkrag by „Die Wapad" wou hê.

Ten slotte: een van die redes vir 'n „onafhanklike" (neutrale) studentekoerant op 'n Christelike universiteit is blykbaar dat geen kritiek toegelaat word op die huidige stelsel nie. Watter louter onsin! Al kriterium wat vir plasing van berigte en briewe geld, is dat „vuil wasgoed" nie uitgehang word voordat die interne kanale nie gebruik is nie. Dit is tog die persoonlike weg van Matt. 8, sal ons vriende weet (ás hulle Christene is).

Vir die positiewe elemente in die groep, word die uitnodiging gerig: sluit julle aan by die Wapad-redaksie en kritiseer openlik en Christelik!

Die Oog.

# Studenteraad besluit

1. DIE Rektor spreek die S.S.R. toe, waar hy veral verwys na die geneigdheid onder studente om inspraak in sake te hê. Hy is van mening dat inspraak goed is, solank as wat dit 'n bydrae kan lewer. Op finansiële vlak kan hulle geen bydrae lewer nie en daarom het hulle geen reg tot inspraak in die finansiële sake van die universiteit nie.

In sake soos: Ek haal aan . . . „Studente het 'n sê in koshuise hoe dit daaraan toegaan".

Verder het die Rektor verwys na die Kommissie van Ondersoek deur die Akademiese Raad. Hierdie Kommissie was van veel betekenis insake die druipsyfer en onderrigmetodes en is opgedra aan die Dosentekorps wat hierdie saak van Senaat se kant af ondersoek.

2. Karnaval sal gehou word op die 11de en 12de Maart 1977 met die tema „Die Afrikaanse Idioom".

3. Mnr. Windell van die Departement van Ontwikkeling, asook die S.S.R. wil alle lede bedank wat behulpsaam was met die ontvangs van die skoliere op 11 September 1976.

4. Die finansiële begroting van S.S.R. en Rade is voorgelê en die nodige verwysings goedgekeur.

5. Die Oriënteringsprogram vir 1977 is goedgekeur.

6. Sake rakende Rade:

1. Administratiewe Raad.

i. Daar is gevoel dat die Werksverskaffingskomitee geen bestaansreg het nie en is verwys na die Dagbestuur van die S.S.R.

ii. Tweedehandse Boekekomitee — Koshuisverteenwoordigers moet weer 'n regmatige plek begin inneem.

iii. 'n Voorstel is aanvaar dat: Die onder-redakteur en sewe sub-redakteurs deur die S.S.R. in samewerking met die redakteur aangewys word. Onderhoude met betrokke kandidate moet ten minste met die helfte van die S.S.R. lede gevoer word.

Twee perskaarte deur die S.S.R. aan die redaksielede verleen word tot vrye toegang vir kampusaksies. Die perskaarte is net geldig waar die doel is vir berriggewing in die Wapad.

Dat een oggend in die week afgestaan sal word deur die sekretaresse aan die studente vir die tik van berigte aan die Wapad.

2. Politiese Raad: — Die nuwe voorsitter van die Politiese Raad is mnr. Manie Meyer.

3. Sport Raad: — Die volgende persone sal ere-kleure vir sport ontvang op voorwaarde dat hulle hul kleurbaadjie-eksamen geslaag het. In gevalle van persone met meriete wat nie voldoen aan formele vereistes van die slaag van kleurbaadjie eksamens nie, uitsonderings gemaak kan word mits:

i. Die persoon 'n student/personeel is.

ii. Die persoon verder aan vereistes voldoen soos gestel in die reglement vir kleure.

iii. Aan hierdie persone die reëls in verband met die dra van kleure verskaf sal word.

Skerm: Mej. T. Scott.
Korfbal: Mej. Snyman.
Muurbal (mans): Mnr. C. Ulyate, J. du Bruyn en T. Smit. (dames): Mej. J. Basson.
Rugby: Mnr. S. Greyling, O. Oosthuizen en A. Rousseau.
Stoei: Mnr. C. Lotter, D. Bekker, M. Logtenberg.
Tennis: Mnr. C. Botha.
Hokkie (dames): Mej. M. Joubert en S. Coetzee.
Ringtennis: Mnr. W. Burger.
Valskerm: Mnr. J. C. Lambrecht.
Krieket: Mnr. C. Ulyate, F. de Beer, J. Middleton en G. van Heerden.
Gimnastiek: Mej. I. Jooste.
Parapleglese sport: Mnr. M. Buys.

Die volgende S.S.R. vergadering is Dinsdag, 5 Oktober om 19h00 in die Sentrale Studenteraadsaal.

# Elektra

*VANAF 29 September tot 2 Oktober word Sophokles se Elektra in die egte Griekse tradisie deur die Departement Spraakleer en Drama in 'n spesiaal vervaardigde opelugteater by Boskopdam aangebied.*

Elektra is die Dramadepartement se aanbieding van die jaar. Byna die hele departement is daarby betrokke en rolle word deur sowel dosente en studente vertolk. Die regie word deur Elize Scheepers gedoen. Hoofrolle word deur Dawie du Toit, Mario Muller, Kobus Fourie, Laurika Behrens (Elektra), Liesbet Schoeman, Bet Botha, en Aldo Behrens gespeel.

Elektra beloof om behalwe 'n groot kultuuraand, ook 'n aand van informele ontspanning te wees. Die toegangsprys van R2,50 sluit 'n vleisbraai ook in. Die drag is informeel om by die natuur en omstandighede te pas.

Om te verseker dat u die redelik ingewikkelde verloop van die drama goed sal volg, gee ons hier 'n kort opsomming van die verloop daarvan.

Agamemnon en Klutaimnestra, Koning en Koningin van Mukene, het drie dogters gehad — Iphigeneia, Elektra en Chrusothemis- en een seun, Orestes. Om die Griekse leër teen Troje te kon aanvoer, moes Agamemnon sy een dogter, Iphigeneia, aan die godin, Artemis, offer. Klutaimnestra het hom hiervoor na sy terugkeer van Troje, met behulp van haar minnaar, Aigisthos vermoor. Hulle twee het toe die heerskappy oorgeneem.

Maar Agamemnon se seun, Orestes, is deur sy suster Elektra, gered en met 'n getroue slaaf weggestuur om in die vreemde groot te gaan word en terug te kom om die dood van sy vader te wreek.

Elektra het getrou gebly aan haar vader se nagedagtenis en wou niks met sy moordenaars te doen hê nie. In al die jare hoop sy steeds dat Orestes sal terugkeer om wraak te neem.

Die drama begin wanneer Orestes en sy slaaf terugkeer na Mukene. Hulle besluit om voor te gee dat Orestes dood is, dan sal Orestes later opdaag met die kruik waarin Orestes se as in is. Voordat hulle die plan verder kan bespreek, daag Elektra op en sy bekla haar lot. Haar suster Chrusothemis, daag ook op en waarsku Elektra dat sy lewendig in 'n kerker begrawe gaan word sodra Agisthos weer tuis kom.

Wanneer Elektra en Klutaimnestra mekaar sien terwyl laasgenoemde gekom het om aan Apollo te offer, ontstaan 'n rusie en die twee skel mekaar uit. Die boodskap van Orestes se dood word ontvang en die nou gelukkige Klutaimnestra, tart Elektra. Die ongelukkige Elektra, besluit om nou haar vader se dood self te wreek en sy vra haar suster om haar te help. Chrusothemis wil egter nie betrokke raak nie.

Orestes en sy slaaf, Pulades, daag as reisigers op en hulle ontmoet Elektra. Orestes maak hom aan haar bekend en vertel ook van hulle plan. Terwyl die uitbundige Elektra buite die paleis wag, gaan Orestes en Pulades die paleis binne om wraak te gaan neem.

Net nadat Klutaimnestra vermoor is, daag Aigisthos op nog buite homself van vreugde omdat hy die tyding van Orestes se dood ontvang het. Hy gee bevel dat die lyk uitgebring moet word dat almal die dooie Orestes kon sien. As hy die kleed van die lyk afruk, sien hy dat dit Klutaimnestra is. Orestes neem Aigisthos na binne om te sterf op die plek waar Agamemnon vermoor is.

In die huis van Atreus kom daar nou uiteindelik weer rus en vrede.

# REDAKSIE-ONDERHOUD

OP versoek van die Wapadredakteur moet alle persone wat belangstel om op die Wapadredaksie te dien hulle self aanmeld vir 'n onderhoud. Die onderhoud sal gevoer word deur die Sentrale Studenteraad en die Wapadredakteur waarna die Wapadredakteur die redaksie dan sal saamstel. Die onderhoud sal handel op grond van bekwaamheid, inisiatief en ondervinding.

Tyd: 19h00.

Plek: Sentrale Studenteraadsaal.

Datum: 4 Oktober 1976.

Mnr. Johan Burden die nuwe redakteur van die Wapad nooi u almal om te kom vir 'n onderhoud, hy het baie mense nodig.

# Toerplan vir platsakstudente

PLEKKE wat in swart gedruk is dui oornag verblyf aan:

26 Nov. Vertrek vanaf Jan Smuts per DC10, vlug KLM 594 om 17h00. Aandete aan boord.

27 Nov. Vroeg-vroeg in Amsterdam en 'n geleentheid om as gaste van KLM 'n „Rondvaart" op die gragte van hierdie 700 jaar oue stad te neem. Voordat ons verder vlieg na **Madrid**.

28 Nov. Besigtiging van **Madrid** insluitende een van die vele musea of kunsgalerye. Vanaand na 'n Flamenco.

29 Nov. Weswaarts langs die Guadarramaberge na die koninklike Escorlklooster waar die Spaanse konings begrawe is. Dan 'n besoek aan die vallei van die Gesneuweldes, een van die mees aangrypende oorlogsmonumente te wêreld. Van daar na die kleurryke **Segovia**.

30 Nov. Vandag na Avila nog omring deur sy middeleeuse mure en verder oor die pragtige windmeule landskap **Toledo**, die eeue beroemd vir sy swaarde en romantiese smal straatjies.

1 Des. Terug na Madrid om die vliegtuig te haal na Brussel. Nadat ons die Belgiese hoofstad besigtig het gaan ons tuis in die ouderwetse dorpie **Brugge**.

2 Des. Besigtiging van **Brugge** en besoek aan 'n kantmakery.

3 Des. Per vliegtuig na **Londen**. Besigtiging van Eton, Windsorkasteel op pad na die hotel. Musiekblyspel in die Weseinde vanaand.

4 Des. Vandag is ongeorganiseerd in **Londen**, maar in hierdie interessante stad van Europa is daar onder die besienswaardighede te kies en te keur. Vir die wat belangstel sal informele uitstappies gereel word.

5 Des. Steeds in **Londen**. Geleentheid om Hyde Park met sy landelike atmosfeer en kunsuitstallings te besoek. Gaan gerus vanaand na die Adventus diens in St. Pauls katedraal vir 'n onvergeetlike ervaring.

6 Des. Vandag volg ons georganiseerde besigting van **Londen**, insluitende Westminster Abby en die Tower.

7 Des. Noordwaarts deur die unieke Engelse landskap na **Stratford** na besigtiging van die universiteitsdorp Oxford. Die wat wil kan vannaand 'n Shakespeare opvoering bywoon.

8 Des. Na 'n besigtiging van hierdie ouderwetse dorp wat grotendeels nog vandag daar uitsien soos in Shakespeare se tyd, vertrek ons Suidwaarts om die Pre-historiese monument Stone Henge te besigtig op pad na Salisbury wat met die mooiste katedraal in Engeland spog.

9 Des. Ons gaan besigtig Nelson se beroemde Skip Victory in Portsmouth en dan na die lughawe om na Parys te vlieg.

10 Des. Besigtiging van die polsende hart van Frankryk. Gedurende die tyd wat ons in **Parys** is sal 'n opsionele uitstappie aangebied word.

11 Des. Ongeorganiseerd in **Parys**. Vir die wat belangstel sal 'n informele toer georganiseer word. Ons kan dan die Notre Dame, die Louvre, die Jeu de Paume (Impressioniste), die Invalides (Napoleontiese Museum), die Sainte Chapelle, Eiffel toring, ens. besoek. Dit sal nie meer as 'n paar rand uit die sak jaag nie.

12 Des. Per vliegtuig na Frankfort in Duitsland en verder na die sprokiesagtige **Rathenburg**. Binne sy middeleeues mure is geen gebou wat nie minstens 300 jaar oud is nie.

13 Des. Al langs die skilderagtige Neckarrivier na die Mekka van alle studente — **Heidelberger**. Vanaand na 'n studenteherberg.

14 Des. Besigtiging van **Heidelberg** insluitende die Kasteel.

15 Des. Suidwaarts deur die Swartwoud (met besoek aan 'n wynkelder) na die mooiste vakansieoord in Switzerland — **Grindelwald**, kroon van die Bernese Oberland.

16 Des. In die sneeu van **Grindelwald**. Per tandrattrein na die Kleine Scheidendegg aan die voet van die Jungfrau en Eigerpieke. Vanaand 'n tipiese Switzergereg — kaasfondue.

17 Des. Ooor die Alpe na Italië en na **Venisië**.

18 Des. Besigtiging van die wonderskone Venisië met genoeg tyd vir u eie sake.

19 Des. Vandag na die kultuurryke stad in Italië, **Floraans**. Waar Avila en Rothenburg tipies is van die Middeleeue is Floraans die versinnebeelding van die Rennaissance. Ons besigtig die stad en enkele van sy musea.

20 Des. Op die Autostrada Del Sol na **Rome** en ons is vroeg genoeg daar vir ons gereelde besigtiging.

21 Des. Ongeorganiseerd met heelwat om te doen in **Rome**, die ewige stad.

22 Des. Per vliegtuig na Griekeland en **Athene**.

23 Des. Besigtiging van **Athene** met 'n halfdag vry vir die laaste paar inkopies. Vanaand of môreaand moontlike Buzuki uitvoering.

24 Des. Vandag na een van die aangrypende monumente in die omgewing van Athene en daarna per boot na **Aegina**.

25 Des. Kersfees op die pragtige eiland **Aegina** met sy wit huise en tempelruïnes sal iets aangrypend wees. Daar word vir ons 'n spesiale Griekse ete voorgesit.

26 Des. Nog vir oulaas op die eiland ronddrentel. Dan weer terug na die vasteland vir 'n afskeidsete in een van die kusdorpies voor ons lughawe toe gaan vir SAL Vlug 223 om 18h00 terug na S.A.

27 Des. Aankoms op Jan Smuts om 12h05 na wat seker 'n genoeglike toer was. Behalwe vir die teaterbesoeke in Londen en Madrid in die reisplan vermeld, word nog twee aanduitstappies by die toerprys ingesluit. Inligting hieroor volg later.


Steeds die beste en goedkoopste:

**VYFDE EUROPESE TOER VIR PLATSAKSTUDENTE**

**26 November tot 27 Desember**




**32 DAE IN SPANJE, ENGELAND, FRANKRYK, BELGIË, DUITSLAND, SWITSERLAND, GRIEKELAND**

**Prys R1 235 inklusief.**

Dit sluit in:
* Assuransie
* Lughawebelasting
* Fooitjies
* Visum
* Rynvaart

* Bergtog
* Besigtiging
* Musea
* Vier aanduitstappies

Lenings van meer as R1 000 beskikbaar (werklik so in ons geval). Terugbetalings teen minder as R50 per maand.

**Navrae by prof. G. N. van den Bergh, Frans du Toit, kamer 29 of mnr. W. J. Voordewind, Geografie, kamer 207.**

—Wa

# Dit lyk na Caput en Klawerhof

**CAPUT loop op die oomblik voor in die koshuis-atletiekliga, nadat hulle die A-liga wat op 18 Sept. gehou is met 'n goeie voorsprong verkry het. Wys net wat gedoen kan word met samewerking.**

In die B-liga het ander koshuise soos Over en Dorp ook wakker geskrik en het nog 'n goeie kans om Caput op 29 September in te haal. Hombré het ietwat laat wakker geskrik, en is vir alle praktiese doeleindes uit die liga uit, maar kan met 'n verrassing die titel wegraap.

Die puntestand is:
1 Caput 955.
2 Dorp 935.
3 Overs 905.
4 Hombré 720.
5 Klooster 420.
6 Drakensten 320.
7 Dawie D. 265.

Uitblinkers onder die mans is: Piet Goosen en Kobus Visser. Hulle het volpunte in hulle items gekry.

Piet Goosen het die gewig 17,10 m gestoot wat meer as 0,62 m verder is as sy vorige rekord. Dit lyk asof Piet ook in die gewig goeie rekenskap van homself in hoër kringe kan gee. Hy het ook met die skyfwerp 50 punte verdien.

Kobus Visser het ook 50 punte verdien met sy 15,0 sek. in die 110 m hekkies. Dit lyk asof hy vanjaar aan die verwagtinge gaan voldoen wat van hom gekoester word.

In die dames afdeling het Klawerhof op die oomblik 'n voorsprong van 125 punte voor Wanda. Dit sal nogal interessant wees om te sien wat Wanda in die finaal gaan doen. Ander gunstelinge is Karlien en Kasteel.

Dames:
1 Klawerhof 605.
2 Wanda 480.
3 Karlien 360.
4 Kasteel 340.
5 Heide 210.
6 Wag-'n-Bietjie
7 Oosterhof 195.
8 Vergeet-My-Nie 125.
9 Dorp/Kulu 85.

Alta Stander se naam kan uitgesonder word, vir 2 min. 25,0 sek. in die 800 meter. Dit is vroeg in die seisoen en nog min spoedwerk is gedoen. Met 'n bietjie afronding kan ons baie van haar verwag.

In die gewigstoot het W. Fondse haar ook goed van haar taak gekwyt, sy het met 'n poging van 12,34 m 35 punte ingesamel.

As 'n mens alles in ag neem het die atletiek koshuisliga gekom om te bly, want hy vul definitief die leemte wat daar gewoonlik na Intervarsity ontstaan. Daar word met groot belangstelling uitgesien na die finaal op Park Ovaal op 28/9/76.

# Ringtennis sluit op 'n hoë noot af

**VIR die Pukke het die vorige seisoen op 'n hoë noot afgesluit. Die Puk het die Stellalandse liga gewen, die mans van Stellaland (vier van die ses was Pukke), het op die S.A.-toernooi die louere weggedra en een van ons mans, Wouter Burger, het sy Springbokkleure verwerf.**

Daleen Erasmus, 'n dame van Pote wat vir die Pukke speel, het ook haar Springbokkleure gekry.

Augustus het die huidige seisoen begin. Na drie ligawedstryde is die eerste span nog onoorwonne. Korsika, Klerksdorp, en Delareyville moes reeds die knie voor die Puk buig. Die tweede span was ongelukkig om teen Korsika te verloor.

Op 23 Oktober speel die Puk teen Vryburg. Op dieselfde dag vind die Stellaland-proewe plaas en behoort die Puk weer goed te vaar. Spelers soos Daleen Erasmus, Elsie Wagner, Alma Duvenhage, Wouter Burger, Roelof Burger, Gerhard Heenop en Ben Zietsman is sterk kandidate vir Stellaland se eerste span.

Alle belangstellendes, veral dames word uitgenooi om Maandae, Woensdae en Donderdae om 03h15 by Pote se sportgronde te kom oefen.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Oliënlaan 11, Potchefstroom.*



PIET GOOSEN

# Koshuiskrieket soos dit hierdie seisoen afgeloop het

**DIE koshuisliga het Saterdag 25 September begin. Nie net goeie tellings is deur die kolwers behaal nie, maar die boulers het ook vir goeie ontledings gesorg, veral die draaibalboulers.**

**CAPUT TEEN KLOOSTER**

Klooster het eerste gekolf en 175 lopies aangeteken. W. Burger het hier goed gekolf en gesorg vir die enigste honderdtal van die dag in die koshuisliga. Sy telling van 107 was gekenmerk deur goeie kolfwerk. Caput se twee draaibalboulers, Jannie Jordaan en Ben Zietsman, het die kolfblad goed uitgebuit en 5 paaltjies vir 57 lopies en 3 paaltjies vir 19 lopies onderskeidelik behaal.

Goeie kolfwerk deur Willie Smit, wat veral indruk gemaak het met sy styl, en Ben Zietsman, het Caput in staat gestel om 176 lopies vir die verlies van 5 paaltjies aan te teken. Smit het 59 lopies n.u.n. en Zietsman 37 n.u.n. behaal. Caput wen dus op die eerste beurt met 5 paaltjies.

**DORP TEEN HOMBRE**

Dorp het begin kolf en is almal vir 110 lopies uit. Frik van der Walt het verwoesting onder die boulers gesaai deur 59 lopies in 'n japtrap aan te teken. Uit die telling afgelei het Dorp swaar op hierdie kolwer gesteun. Vir Hombré het Abrie Dreyer 5 paaltjies vir 23 lopies en Ben Rautenbach 4 vir 27 omgekap.

Hombré het hierop geantwoord met 69 lopies. Nadat hulle op 'n stadium 31 vir 6 was het L. P. le Roux en Marius Joubert vasgeskop, en die telling geneem na 76. Le Roux het 26 lopies aangeteken en Joubert 22 lopies. Dorp se suksesvolle bouler was Botha wat 'n ontleding van 5 vir 16 lopies behaal het.

**OVER DE VOOR TEEN DRAKENSTEIN**

Drakenstein het die huidige kampioen, Overs, 'n goeie skrikmaker gegee. Luckie en sy manne het tot 14 lopies van Overs se telling van 133 lopies vir 9 paaltjies verklaar gekom. Die 119 lopies wat hulle aangeteken het teen die sterk boulwerk is 'n bewys van hul krag.

Vir Overs het Paul Coetzer 42 lopies aangeteken, en Leon Botha het met die bal 4 paaltjies vir 31 lopies platgetrek.

Aan Drakenstein se kant was daar geen uitblinkers nie, maar is gekenmerk aangesien elkeen sy deel bygedra het. Overs wen hierdie wedstryd dus met 14 lopies op die eerste beurt.

BEGIN VROEGTYDIG STUDEER

# Pukke maak skoonski[p] op krieketveld

**DIE Pukke se twee spanne het Saterdag die W[es-]Transvaal-liga op 'n hoë noot afgesit. Na aflo[op] van die eerste dag se spel sit albei spanne stew[ig] in die saal.**

Op Stilfontein het die eerste span teen die tuisdorp gespeel, en dit was 'n fees van lopies. Die Puk het 272 lopies vir die verlies van slegs twee paaltjies aangetoon voordat hulle verklaar het. Hiervan het D. de Beer gesorg vir die eerste Puk-honderdtal vir hierdie seisoen, deur 'n netjiese 106 lopies aan te teken. Gerhard van Heerden, 'n jong speler van die Puk het ook aan die verwagting voldoen en 'n stewige 89 lopies aangeteken. Charl Marais het gevolg met 'n verwoestende 63 n.u.n. Hy het eenvoudig soos 'n De[...] Lindsay van ouds tekere [...] gaan.

Stilfontein sal volgende [Sa]terdag voort kolf met 23 lop[ies] op die telbord, sonder die v[er]lies van 'n paaltjie.

Op die Pukke se veld het d[ie] tweede span of die Ibbies te[en] Klerksdorp gespeel. Hier h[et] dit minder goed gegaan. Wik[kie] Welman en sy manne kon sle[gs] 129 lopies bymekaar ma[ak] voordat hul laaste paaltjie [...] val het. Daar was wel ligapun[te] in die Ibbies se beurt.

'n Mens dink aan die 37 [lo]pies van André Markgra[af], Wikkie Welman (26), Mar[...] Piek (25), en P. Venter (1[...]) Hulle het 'n ineenstorting v[...] hoed deur vas te skop.

Die Pukke kon darem tw[ee] waardevolle paaltjies nee[m] voor uitskeityd. Die manne w[at] die paaltjies geneem het, [...] Bennie Hattingh en Johan v[an] Pletzen. Klerksdorp sal dus v[ol]gende Saterdag voortkolf m[et] 26 lopies vir die verlies v[an] twee paaltjies.



TOMMY FERREIRA en WILLIE SMIT

# Kanoklub was baie bedrywig in hulle vaarwaters

**DIE afgelope rukkie was die kanoklub baie bedrywig en sal so bly totdat di[e] Puk sluit.**

11 September was die Roodeplaat 22 km wedvaart vir K1 kyakke — dit beteken die enkelsitplekkano's. Die Puk het redelik goed gevaar teen roeiers vanoor die hele land. Ons manne het soos volg geëindig:

Saal de Jager — 5e plek
Thinus de Jager — 8e plek
Johan Steyn — 9e plek
Sam Pellissier — kano breek

Die afgelope naweek het Puk 'n kanovaartkursus by Parys aangebied. Daar was 23 beginners wat deelgeneem het. Eerskomende naweek is die Parys se eeufeesvierings en daar sal ook 'n algemene kanodag gehou word. Puk skryf 'n K4-span in.

Dit sal nie op kompetisiebasis plaasvind nie, maar ons gaan maar net roei vir die spangees!

Op 9 Oktober word die S.A. K4-kampioenskappe te Ganspan naby Hartswater gehou. Da[ar] gaan net een span uit Tran[s]vaal wees — en dié span b[e]staan net uit Pukke.

Dit sal ook die eerste ke[er] wees dat 'n universiteit aan d[ie] kampioenskap deelneem. Hie[r] die span bestaan uit: Saal d[e] Jager, Sam Pellisier, Thinus d[e] Jager en Johan Steyn.

Dit sal die laaste keer wee[s] wat dié manne (Saal uitg[e]sonderd) vir die Puk gaan ro[ei].